

ie klompiebakstene op die
e skermmuur van windblokke
ragtig met die swart staalhek
r muurkleur.

## 5 Stylvolle stene

Windblokke ("breeze blocks") is al 'n goeie eeu lank op die toneel en nou is hulle met mening terug – binne én buite.

"Sulke blokke maak 'n sterk argitektoniese stelling en hulle is net reg vir vandag se trend om ruimtes op slim maniere te skei," sê die argitek en ontwerper Hanno de Swardt van Onnah Design. "Danksy kontemporêre ontwerpe is hulle meer relevant as ooit – en baie mooi daarby! Hulle is boonop doeltreffend as dekoratiewe skerms en is ideaal om grensmure aantrekliker te maak."

Deesdae kry mens windblokke in allerhande materiale, van kleistene tot duurder keramiekinstallasies.

"Meng en pas verskillende ontwerpe in jou huis om dit nog interessanter te maak," is Hanno se raad.

Windblokke van Klay



## 6 FOKUSPUNT


Dié oorspronklike skerm van windblokke op die agterstoep was die inspirasie vir die gebruik van soortgelykes binne die huis ook. Regs is dit te sien as 'n skeiding tussen die voordeur en sitkamer. >>



Windblokke van Klay; handgemaakte kerse van Ethereal Candle Crafters

# Winkels toe!

Maak 'n stelling met klei, keramiek of sement.



Klay Chai Sunrise Screen-kleiblok R49.90, Stiles

Ipanema-sementblokke R89 elk, Oksijen

Die DNA Breeze Block is 'n handgemaakte keramiekkunswerk (beskikbaar in vier afwerkings) R750 elk, Rialheim

Siersteen-windblok (beskikbaar in ses kleure) prys by navraag, Corobrik

KENNERSRAAD

## Gebruik blokke



**Hier is die argitek Hanno de Swardt se wenke:**

- Besluit op die beste plek vir die meeste trefkrag wanneer jy windblokke installeer – dis nie iets wat weggesteek word nie!
- Wanneer jy 'n gebou opknap, besluit vooraf waar die blokke kom. Bereken die grootte van die ruimte en die blokke sorgvuldig – jy wil nie ná installasie aan die blokke moet sny om dit te laat pas nie. As die regte opening geskep word, behaal jy 'n netjiese installasie.
- Herhaal die blokke op meer as een plek in jou huis of tuin ter wille van kontinuïteit.
- Vra jou verskaffer watter sement jy moet gebruik vir hul produk en vir toekomstige onderhoud. >>

**KONTAK** onnahdesign.co.za